22 Julie 2026

Dr. E. Ntoba
Munisipale Bestuurder
Dawid Kruiper Plaaslike Munisipaliteit
Gemeenskapsentrum
Markstraat 2
UPINGTON
8800

Per e-pos: manager@dkm.gov.za

**OPVOLGVERSOEK OM VOLLEDIGE INLIGTING EN NAKOMING VAN BEPLANNINGSREGULASIES WEENS DIE GEBRUIKSVERANDERING VAN 'N RESIDENSIËLE PERSEEL TOT BESIGHEID TE FLORAPARK, UPINGTON**

Geagte Dr. Ntoba

Ek verwys na my vorige skrywes en versoeke om inligting rakende die goedkeuringsproses vir die verandering van gebruik met die vestiging van 'n onderneming vanaf 'n woonperseel te Ds. Aubrey Beukesstraat 177, Florapark, Upington. Tot op hede is geen volledige terugvoer of dokumentêre bewyse aan my verskaf nie.

Ek heg weer die vorige korrespondensie aan, tesame met die vrae wat aan me. Vanessa gerig is en waarop ek steeds geen afdoende antwoorde ontvang het nie.

Verder wil ek u aandag vestig op die munisipaliteit se eie ruimtelike bepalings oor sonering en gebruiksverandering: volgens munisipale wetgewing van die *Scheme Regulations* van 2023 vir DKLM is 'n onderneming (*business zoning*) nie 'n aanvullende gebruik vir 'n residensiële erf nie, en dus moet daar vir hersonering aansoek gedoen word indien die "nuwe" gebruik op die perseel beoefen wil word.

Volgens munisipale wetgewing is dit baie duidelik dat daar aan die LUMS (*Land Use Management System)* voldoen moet word, wat uitvoerig die prosesse en goedkeurings beskryf.

Die erf onder bespreking is geleë te Ds. Aubrey Beukesstraat 177, Florapark, Upington wat tans as residensieel geklassifiseer is. Tot op hede kon antwoorde oor die ontbrekende vereistes vir openbare deelname, kennisgewings, die geleentheid vir besware en die administratiewe prosesse wat gevolg moet word, nie gegee word nie. Ek versoek dat die munisipaliteit bevestig dat hierdie bepalings volledig nagekom is en om die relevante dokumentasie beskikbaar stel, aangesien die nie-nakoming van die vereistes die regte van die publiek benadeel: dit is onmoontlik om



**Adres:** Unionlaan 58, Kloofsig, Centurion • **Tel.:** 086 10 200 30
**Ledesake – E-pos:** ledesake@afriforum.co.za • **Direkteure:** Me. A. Bailey, mnr. P.J.W. Buys, dr. H.K. Coetzee, mnr. P.L. Dekker, mnr. F.J.D. de Klerk, mnr. G.R. de Vries, dr. D.J. Hermann, mnr. W.G. Human, mnr. C.M. Kriel en dr. R. Pretorius. • **Maatskappysekretaris:** Mnr. W.A. Vogel.
**Registrasienommer:** 2005/042861/08 • **OSW-nommer:** 054 - 590

www.afriforum.co.za • 086 10 200 30

*Deel van die Solidariteit Beweging*
*Spesiale raadgewende status by die Verenigde Nasies as nieregeringsorganisasie*

besware teen 'n aansoek in te stel as die aansoek nie aan die publiek bekendgestel word nie.

Die volgende vrae bly steeds onbeantwoord:

1. Waar en op watter wyse is die gemeenskap in kennis gestel van die aansoek en hoe is openbare deelname gefasiliteer?
2. Is daar foto's of ander bewyse dat die voorgeskrewe kennisgewings op die eiendom aangebring is, of is openbare vergaderings gehou soos deur die toepaslike wetgewing vereis?
3. Waar is die kennisgewingborde in Florapark opgerig sodat inwoners bewus kon wees van die voorgenome ontwikkeling en het inwoners die geleentheid gehad het om beswaar aan te teken?
4. Die goedkeuringsbriewe van aangrensende eienaars bevat volgens my maatskappyname of name van ondernemings, soos *Property Trust* en *Sakor Holdings*, eerder as die name en handtekeninge van die geregistreerde eienaars. Geliewe te bevestig of hierdie goedkeurings aan die vereistes van die SPLUMA-verordening voldoen en op grond waarvan dit as geldig aanvaar is. Die handskrif op die goedkeuringsbriewe wek verder die indruk dat dit moontlik deur dieselfde persoon voltooi is, waarvoor ek graag 'n verduideliking verlang.
5. Volgens die beskikbare dokumentasie blyk dit dat slegs een buurman se toestemming verkry is. Indien dit korrek is, versoek ek die Munisipaliteit om aan te dui op grond waarvan hierdie enkele toestemming voldoende geag is vir die goedkeuring van 'n onderneming binne 'n gevestigde woongebied.
6. Daarbenewens is 'n petisie met ongeveer **480 handtekeninge** deur inwoners ingedien waarin beswaar gemaak is teen die vestiging van die onderneming. Geliewe aan te dui hoe hierdie besware oorweeg is en watter gewig daaraan toegeken is tydens die besluitnemingsproses.

In die belang van deursigtigheid, goeie administrasie en verantwoordbare plaaslike regering versoek ek dat bogenoemde vrae volledig beantwoord word en dat alle relevante dokumentasie wat die munisipaliteit se besluit ondersteun aan my beskikbaar gestel word.

Ek vertrou dat hierdie aangeleentheid die nodige aandag sal geniet en sien uit na u spoedige skriftelike terugvoer.

Vriendelike groete

**Werner Strauss**
**Distrikskoördineerder: Noord-Kaap**
**AfriForum**
**Sel: 081 217 1752**
**E-pos: werner.strauss@afriforum.co.za**